**Skriflesing**: Jesaja 52:13-53:12
**Tema:** Jesus ly en sterf vir ons.

Israel het in die tyd van Jesaja hulle verhouding met die Here verbreek. Hulle het sonde op sonde gedoen. Die volk het geen berou getoon hieroor nie en so het hulle onbetaalbare skuldrekening by God opgehoop.
Terwyl hulle teenoor nasies getuies van God se trou, waarheid, heiligheid en vrede moes wees, was die teendeel waar. In ongehoorsaamheid het hulle net verder in sonde verval.

Ten spyte hiervan het God, op grond van sy liefde vir sy volk, van vroeg tot laat sy boodskappers na hulle gestuur. Hy het hulle opgeroep om hulle vanuit hul sondige verharding te bekeer.
Hulle het sy boodskappers se woorde geminag, hulle uitgelag en die profete gespot, mishandel en selfs doodgemaak. Daarom het die toorn van die Here oor hulle losgebreek. Hulle verhouding met die Here het so verswak dat die Here alle toenadering tot Hom afwys het as as verwerplik.

Ons veroordeel baie maklik hierdie optrede van die die volk van die Here, maar hoe lyk jou lewe? Daar is dalk nie totale verval nie. Jy woon vandag, op goeie Vrydag, die erediens by. Hy het sy alles vir ons gegee. Gee ons ook, uit dankbaarheid, ons alles vir Hom? Leef ons in totale oorgawe en toewyding? Is jy warm, koud of lou?
Baie jare gelede skryf Boervrou die volgende briefie in ‘n koerant. Dit laat my wonder oor my eie toewyding:
“By ons is dit baie droog en die reën bly weg. Die boere is baie bekommerd en sommige is met rede mismoedig.
Elke jaar in Januarie het ons gemeente ’n week van gebed waar daar vir die komende jaar gebid word. Die opkoms is baie power – veral die manne is afwesig.
Ons het ook ’n manne-biddag met ’n ontbyt daarby gehad. Daar het darem sewe manne opgedaag.
Gelukkig word gholfdae en vergaderings van die boereverenigings goed bygewoon en die braai daarna is altyd ’n sukses en lekkerte. Nou wonder ek net..."

Op die verval van die volk se verhouding met die Here volg totale verval op alle terreine. Hulle wat nie meer uit die hand van die Here wou lewe nie, ontdek dat hulle nou in die hande van mense geval het.
Uiteindelik is Jerusalem totaal verwoes. Van die eens trotse stad en tempel het ‘n puinhoop oorgebly. Die hele land is ‘n woesterny. ‘n Groot deel van die volk is weggevoer in ballingskap. Die sondebeker wat die volk gekies het om te drink, was bitter. Onder die toorn van God was daar van hulle niks oor nie. Almal het gedwaal soos skape sonder ‘n herder.

Dan, asof uit bloute klink, na 70 jaar van uitsigloosheid en wanhoop ‘n verrassende aankondiging. Die tyd van hul verlossing en herstel het gekom.

Maar hoe gaan hierdie nuwe toekoms, van lewe na die dood en van lig na die donker ‘n werklikheid word? Hoe gaan hulle bevry word van die veroweraars en nog belangriker van hul eie sonde, skuld en skande waarin hulle vasgevang is? Die volk kon en wou niks doen om herstel te bewerk nie.

God gryp weereens in. Al het die volk Hom gelos, Hy los hulle nie. Hy bewerk verlossing en herstel van sy volk. Hy doen dit op ‘n unieke manier. Almal verwag ‘n nuwe Moses of Josua, ‘n heldefiguur wat oppad is. Hy sou mense beïndruk met sy voorkoms en optrede. Hy sou die nuusberigte en voorblaaie haal.
Maar wat moet hulle nou aanskou is ‘n jammerlik misvormde figuur. Hy kan tog nie God se antwoord wees nie!
‘n Man aan ‘n kruis - kan Hy iemand red?
Niemand sien Hom eers raak nie.
Hy is ongereken, geminag, misken, onaansienlik, vermy en verwerp. Hy is so anders, lyk so anders en tree so anders op as wat ons van ‘n Redder sou verwag.

Ons lees van Hom en die verlossing wat Hy bring in Jesaja 53:4-6 en 8:
“[4]Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.
[5]Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.
[6]Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.”
“[8]Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneemdat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.”

Hy is die sondelose offerlam wat ly en doodgemaak word in die plek van ons wat gesondig het. Hy word in ons plek stukkend geslaan sodat ons heel kan word. Hy word in ons plek doodgemaak sodat ons kan lewe.
Hy doen dit so volledig asof ons self voor God gestaan het, self die straf op ons sonde gedra het, self daarvoor gesterf en opgestaan en ons geregtigheid voor God verwerf het.
En onthou Hy het hierdie straf nie verdien nie. Hy het geen misdaad gepleeg of was nooit vals nie. Hy het, in liefde, gekies om ons straf te dra.

En die dienaar het deur die hele proses van lyding en onreg nie gekla nie. Die Onskuldige sterf saam met sondaars en kry sy graf by goddeloses.

Dit wat tot aan die kruis gebeur het, was geen ongeluk of misverstand nie. Dit was God se plan en Jesus se keuse in sy liefde in aksie vir my en jou.

God haat sonde. Dit moet volledig verwyder word. Ons kon niks doen dit te bewerk. God moes alles doen. Hy stuur sy enigste Seun, Jesus Christus, as sondelose en volmaakte offer vir ons en in ons plek.
Hy sterf vir ons onbetaalde en onbetaalbare skuld voor God. Hy loop die pad van miskenning en verwerping in ons plek.
Hy sterf die vernederende dood van 'n misdadiger, oor my en jou.
Hy sterf die vernederende dood van 'n misdadiger, vir my en jou.
Amen

**Jesus Monoloog**
"Ek staan voor Pilatus, die Romeinse goewerneur. My bloeddeurweekte liggaam oortrek met geselwonde. Die skare van duisende skree: 'Kruisig Hom!' In die woedende maalkolk van mense is Ek alleen. My vriende/almal het my in die steek gelaat.
Soos Pilatus my vonnis om gekruisig te word, vind ek troos, ja genoegdoening in die woorde van die profeet: "Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom."
Hulle sit die ruwe, monsteragtige stuk hout op die rou wonde op my rug. Ek kan skaars loop. Al wat My aan die gang hou is die wete dat ek hiervoor gekom het… uit liefde vir elke mens. Ek het so baie bloed verloor! Ek is so dors en die pyn is ondraaglik. Vir 'n oomblik raak dit swart voor my en ek sak inmekaar. In 'n oogwink ruk die soldate my regop, laat val die kruis opnuut op my rug en dwing my om verder te gaan." Later kan ek nie verder nie – en iemand dra my kruis vir my.

Ek het die plek bereik waar Ek moet sterf, maar My grootste vernedering lê nog voor. Ek word gedwing om te kniel en my kleed word van my lyf afgeruk. Ek staan naak voor die mense wat my ses dae gelede as hul Koning geloof het…"

Hoe kan Ek die pyn beskryf waardeur Ek gaan? Ek word soos 'n dier op die kruis gespalk; my arms, te moeg om weerstand te bied, word uitgestrek aan weerskante van My. Die spyker word teen my gewrig gedruk. Ek sien hoe die hamer val . . . Die pyn skiet op in my arm tot in my brein en my hart. Weer en weer…

Die kruis word gelig, en die volle gewig van my liggaam hang aan daardie spykers...
Vader in u hande gee ek my gees oor!

Na ure loop water en bloed uit sy sy as teken dat Hy gesterf het van 'n gebroke hart, 'n liefdeshart vir jou en my / vir elkeen v ons. Amen